

# Die Vrymesselaars

## Die Vrymesselaars – Francois Malan

Jan Smith vra:

Baie simbole wat jou geestelik kan beïnvloed: Corne se vraag verwys: 'n Tyd gelede gee iemand my 'n stel DVD's waarin 'n persoon volledig en met fotobewyse uitwei oor Vrymesselaarstekens in omtrent al wat 'n kerk is in Suid Afrika. So word beweer dat hierdie die gevolg is van geestelike en politieke leiers in die verlede (en by implikasie ook huidige) se invloed in die onderskeie groeperings, kerk en staat. As bewys word foto's van boustrukture vertoon wat met die organisasie verbind word asook persone wat op sekere maniere vir die foto's poseer, 'n boekrol in die hand of 'n hand op die hart of op 'n boek en al dergelike. Selfs kerklike logo's het verskeie simbole wat met die betrokke organisasie verbind word. Wat sê mens nou hiervan?

### **Antwoord:**

Prof Francois Malan antwoord:

Ek is bevrees hier kan ek bitter min help. Dit lê nie regtig op die terrein van Bybelkennis nie, en van die Vrymesselaars weet ek bitter min.

Vrymesselaars (freemasons) het blykbaar aan die begin 'n soort vakbond of gilde gestig van vakmanne wat werk met sandsteen, wat na alle kante toe bewerk kan word sonder om af te splinter (freestone). Omdat hulle rondgetrek het om werk te kry, het hulle onderskeidingstekens gehad om hulle van onopgeleide klipwerkers en baksteenmesselaars te onderskei.

Later het die groep meer soorte bouwerkers ingesluit wat as lede van die vakbond of gilde vry was om hulle dienste aan munisipaliteite en konings te lewer, en die nodige kundigheid en vaardigheid gehad het, en so nuwe inhoud aan die woord 'freemason' gegee.

In die 17e en 18e eeu het die beweging egter verander met al minder bouwerkers as lede, met al meer meesterbouers sowel as besigheidsmanne betrokke by die boubedryf en later van die hoë lui wat die leiding geneem het. Lidmaatskap van die Roomse kerk en later van die Anglikaanse kerk was verpligtend. Lede moes getrou wees aan god en die heilige Kerk sonder oortreding of kettery. In 1730 is dié vereistes geskrap, en is 'n morele lewe as vereiste gestel, met die veronderstelling dat 'n lid nie 'n dwase ateïs of ongodsdienstige libertyn sou wees nie, maar toegewy aan 'n godsdienst waarin alle mense saamstem, en kan behoort aan enige denominasie of oortuiging. Jode is toe ook toegelaat, terwyl ateïste en agnostici (ongelowiges) uitgesluit was. Maar teen die einde van die 18e eeu het dié vereiste ook verslap en was sommige losies vyandig teenoor die kerk. Toe het pous Clemens XII vrymesselary veroordeel. Die Kommuniste en Nazi's het vrymesselary onderdruk. Terwyl die Engelse vir eers nog die vereiste van geloof in 'n Groot Argitek van die Heelal behou het, het die Franse dit ook verwerp, en al gaande het dié vereiste oral vervaag, en het die morele plig om barmhartigheidsdienste te lewer oorgebly.

Dit is duidelik dat die geloof in die Skepper-God en verlossing van sonde deur Jesus Christus as die Seun van God al dunner geword het in die vrymesselary.

Die gebruik van simbole in die kerk en kerkgeboue is weer 'n ander saak. Dit hang af van die waarde wat daaraan geheg word deur die gelowiges. So het ons bv. die heidense woord 'god' in die Germaans-Dietse woordeskat oorgeneem en 'n ander betekenis daaraan geheg om die drie-enige God mee aan te dui – 'Deus' in

Latyn van die heidense 'deus' vir die Romeine se god en gode. So het ons die Sotho woord 'modimo', die Zulu 'unkulunkulu', Xhosa 'utixo' gevul met Christelike inhoud om God aan te dui, soos die Griekse 'theos' gebruik is om die Hebreeuse 'el' en 'elohim' in die Ou Testament mee te vertaal, wat ook eers 'n heidense term was vir die Kanaäniete se god en gode.

Die kruis as simbool van die Christendom kom van die skandelijke dood van slawe en rebelle wat die Romeine toegepas het, terwyl Deuteronomium 21:23 sê dat elkeen wat aan 'n paal/hout hang vervloek is (vgl. Galasiërs 3:13). So is die Romeinse heidense feesdag vir die 'Onoorwinlike Son' as god op 25 Desember wanneer die son in die noordelike halfrond begin terugkeer na die winter, deur die Christene tot Kersfees verander om die geboorte van die Son van Geregtigheid (Maleagi 4:2 NAV son van redding) te vier.

**Skrywer:** Prof Francois Malan